like Sweedse Akademie vir Wetenskap ontvang.

Hulle het molekules geskep wat meganiese bewegings maak wanneer hulle energie ontvang

medisyne direk kan toedien, asook in "slim" materiale wat kan aanpas na gelang van verandering in lig en temperatuur.

"Die geleenthede is eindeloos,"

disyne toedien."

Goran Hansson, 'n lid van die Koninklike Sweedse Akademie vir Wetenskap, het gesê die toekenning gee erkenning aan "die

skaplike navorsing.

Prof. Stoddart is in Edinburg gebore en verbonde aan die Northwestern-Universiteit in Evanston, Amerika. – **Reuters**

# Oud-Bok Charlie Cockrell sterf

**Stephen Nell**

Die voormalige Springbok-haker Charlie Cockrell is Dinsdagaand in Kaapstad in die ouderdom van 77 jaar aan 'n hartaanval oorlede.

William, een van sy broers, het dié hartseer nuus gister aan *Die Burger* bevestig.

"Hy was 'n ware gentleman en het baie mense se lewe geraak," sê William.

Charlie Cockrell het in 1969 drie toetse vir die Bokke gespeel. Sy toetsbuiging was op 6 Desember 1969 teen Skotland op Murrayfield, en hy het op dieselfde toer ook teen Ierland op Lansdowne Road en teen Wallis op Cardiff Arms Park gespeel.

Hy het ook diep spore in die Westelike Provinsie getrap, veral as voorspeler-afrigter in die 1980's. Die WP het toe die Curriebeker vyf opeenvolgende kere, van 1982 tot 1986, gewen. Daardie era staan steeds bekend as die WP se Goue Jare.



**Die voormalige Springbokhaker Charlie Cockrell is Dinsdag in die ouderdom van 77 jaar oorlede.**

Dawie Snyman, WP se breier tydens die Goue Era, het Charlie Cockrell as 'n "ongelooflike mens" beskryf.

"Jy kry mense wat net saam ry op die trein en dan kry jy mense soos hy wat die kole gooi en die trein bestuur. Hy het elke sekonde waarde toegevoeg," sê Snyman.

"Hy was ook 'n ware haker. Hakers het spesifieke persoonlikhede. Hulle is uit die aard van die posisies mededingende mense.

"Dis vir rugby 'n groot verlies. Elke gesprek met hom het juwele oor die spel opgelewer."

Sy begrafnisreëlings is nog nie bekend gemaak nie.


SIVEST SA (EDMS.) BPK.

SIVEST

WYSIGING VAN OMGEWINGSMAGTIGING
OPRIGTING VAN 'N 66 KV ESKOM KRAGLYN VANAF DIE BESTAANDE ROBBERG SUBSTASIE TOT BY DIE NUWE SUBSTASIETERREIN OP PLAAS 305/16 OOS VAN DIE BITOURIVIER, WES-KAAPPROVINSIE
DO Verwysing: 14/12/16/3/3/1/570/AM1

Eskom Holdings MSB Bpk. het op 3 Junie 2014 'n Omgewingsmagtiging (OM) bekom vir die beoogde installasie van 'n 66 kV oorhoofse kraglyn en nuwe substasie, oos van die Bitourivier, Wes-Kaapprovinsie.

Op 13 Mei 2016 het die Departement van Omgewingsake (DO) 'n aansoek om 'n wysiging van die OM ontvang ten einde die bewoording van die gelyste Aktiwiteite 12(b) en 13(a) en (c)(i) reg te stel; en om die koördinate en die projektitel te wysig. Op grond van 'n oorsig van die rede vir die versoek van 'n wysiging aan die OM, het die DO ingevolge Hoofstuk 5 van die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings, 2014, besluit om die OM te wysig. Die wysigingsbesluit is op **21 September 2016** ontvang.

Indien die applikant of enige party teen enige aspek van die wysigingsbesluit wil appelleer, moet 'n appellant 'n appèl binne 20 dae ná die datum waarop die bevoegde owerheid die kennisgewing van die besluit aan die applikant gestuur het, by die administrateur van appèlle indien en 'n afskrif van die appèl rig aan die applikant, enige geregistreerde belangstellende en geaffekteerde party en enige staatsinstansie wat 'n belang in die aangeleentheid het, by wyse van die volgende metodes:

**Per Pos:** DO
Privaatsak X447
Pretoria 0001;

**Per hand:** Environment House
Steve Biko 473, Arcadia
Pretoria 0083

**Appèlle moet skriftelik ingedien word by:**
Mnr. Z Hassam, Direkteur: Appèlle en Regsoorsig by die bogenoemde adresse.
Tel: 012 399 9356
E-pos: Appealsdirectorate@environment.gov.za

Neem asseblief kennis dat appèlle nie aan SiVEST of aan die Applikant gestuur moet word nie.

Die OM en wysigingsbesluit is beskikbaar op SiVEST se webtuiste (www.sivest.co.za). Tree asseblief in verbinding met SiVEST ten einde meer inligting of 'n kopie van die wysigingsbesluit te bekom:

Andrea Gibb
SiVEST Environmental
Posbus 2921 Tel: 011 798 0600
RIVONIA Faks: 011 803 7272
2128 E-pos: andreag@sivest.co.za

X1RWK4FS-DB061016





Gelamineerde Vloere Vanaf slegs 119 99 m²




FS Floori
Quality

BRACKENFELL
4 Gemini weg
Brackenfell
Industria
Uit Ou Paarl weg
021 982 8008

PAROW
De la Rey weg
Parow Industria
h.v De la Rey &
Robert Sobukwe we
021 934 2929 • 021 934

Maandag - Vrydag 08:00
Sondag 09:00 - 13:00 (Slegs Tokai o



stodels
HELPING GARDENS GROW SINCE 1962

IN VOLLE BLOM

